higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

BESTUUR: BOERDERY N5

(4090555)

18 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BESTUUR: BOERDERY N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

QUESTION 1

1.1 Kies die aantal lede uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Publieke maatskappy	A	2–20 lede
1.1.2	Alleenhandelaar	B	1–10 lede
1.1.3	Beslote korporasie	C	1–30 lede
1.1.4	Vennootskap	D	1 lid
1.1.5	Privaat maatskappy	E	10–60 lede
		F	1–50 lede
		G	+7 onbeperkte lede

(5 × 1) (5)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

1.2.1 Ekonomiese innovering verwys na die 'HOE' van die entrepreneurskap.

1.2.2 Enige entiteit wat as 'n besigheid wil bedryf moet by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens registreer.

1.2.3 Die alleenhandelaar word apart van sy eienaar, in sy eie hoedanigheid, belas.

1.2.4 Daar is 'n verskil tussen die trust en ander vorms van eienaarskap op grond van die regspersoon (entiteit) van die besigheid.

1.2.5 Die trust word namens die begunstigdes, deur die aangewese trustees bestuur.

(5 × 2) (10)

1.3 Beantwoord die volgende vrae ten opsigte van die entrepreneuriese proses.

1.3.1 Noem DRIE dimensies van entrepreneuriese aktiwiteite. (3)

1.3.2 Noem VYF kriteria wat 'n onderneming moet vervul om innoverend te wees. (5)

1.4 Noem VIER persoonlike eienskappe van 'n goeie entrepreneur. (4)

Kopiereg voorbehou

1.5 Noem VYF funksies van die entrepreneur in die produksieproses. (5)

1.6 'n Onderneming kan sekere stappe volg om entrepreneurskap in die besigheid te verbeter.

Noem kortliks VIER stappe. (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 2

2.1 Beantwoord die volgende vrae ten opsigte van die vennootskap:



2.1.1 Definieer die term *vennootskap.* (2)

2.1.2 Verduidelik kortliks die vestigingsprosedures en administratiewe oorwegings van 'n vennootskap. (8)

2.1.3 Noem AGT algemene regte en verpligtinge ten opsigte van die bestuur van 'n vennootskap. (8)

2.1.4 Noem enige VIER voordele van 'n vennootskap. (4)

2.2 Na 30 jaar as alleen eienaar van die plaas, Riverplaats, besluit Phathuwo Malivha dat sy twee seuns formeel vennote van sy plaas moet wees. Na deeglike oorweging besluit hulle om dit 'n beslote korporasie (BK) te maak as gevolg van sekere voordele.

2.2.1 Noem enige VYF voordele wat 'n beslote korporasie vir die drie lede en vir die plaas kan inhou. (5 × 2) (10)

2.2.2 Noem die dokument wat gebruik word om 'n beslote korporasie te begin en die belangrikste inligting wat in die dokument bevat moet wees. (8)

[40]

VRAAG 3

3.1 Noem die stappe in die formulering van ‘n boerdery strategie. (10)

3.2 Boere kan sekere stappe neem om hul risiko te beperk.

Noem enige VYF risiko kontrole strategieë wat gevolg kan word. (5 × 2) (10)

3.3 Noem VYF voordele van ‘n nuwe gebou. (5)

3.4 Noem VIER redes waarom die verkenning van die besigheidsomgewing belangrik is wanneer strategiese beplanning gedoen word. (4 × 2) (8)

3.5 Noem VIER riglyne vir besluitneming in ‘n onsekere omgewing. (4)

3.6 Noem enige DRIE faktore wat die winsgewendheid van diervertakkings beïnvloed. (3)
[40]

VRAAG 4

4.1 Onderskei tussen die volgende soort beleide:

4.1.1 Dekkings georiënteerde beleide

4.1.2 Beleggings georiënteerde beleide

(2 × 3) (6)

4.2 Identifiseer die volgende lewenspolisse. Skryf slegs die naam van die polis langs die vraagnommer (4.2.1–4.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.2.1 Die versekerde bedrag is slegs betaalbaar wanneer die versekerde sterf.

4.2.2 Die versekerde bedrag is betaalbaar na verstryking van 'n voorafbepaalde tydperk of die vroeë dood van die versekerde.

4.2.3 Die versekerde bedrag, plus bonusse, waarby lewensdekking nie ingesluit is nie, is betaalbaar na verstryking van 'n voorafbepaalde tydperk of die dood van die versekerde.

4.2.4 'n Kombinasie van 'n enkel lewenspolis met wins, waarby 'n termynbeleid ingesluit word.

4.2.5 Hierdie tipe versekering bied beskerming as die versekerde as gevolg van 'n ongeluk medies ongeskik verklaar word vir sy/haar normale werk.

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

4.3 Beantwoord die volgende vrae met verwysing na aftree-annuïteite.

4.3.1 Op watter ouderdom kan die terugbetaling van hierdie polis onttrek word? (2)

4.3.2 Watter deel van die terugbetaling van hierdie polis is belastingvry met aftrede? (2)

4.3.3 Noem enige DRIE eienskappe wat aftree-annuïteite van gewone versekeringspolisse onderskei. (3 × 2) (6)

4.4 Skryf verklarende aantekeninge oor oesversekering onder die volgende vrae:

4.4.1 Wat word gedek? (4)

4.4.2 Wat word nie gedek nie? (3)

4.4.3 Hoe word die premies vasgestel en bereken? (3)

4.5 Verduidelik kortliks sekuriteit as een van die beginsels van versekering. (4)
[40]

VRAAG 5

5.1 Onderskei tussen ‘n *legataris* en *erfgenaam*. (4)

5.2 Definieer en gee 'n voorbeeld van die term *vruggebruik*. (6)

5.3 Bespreek die stappe in die administrasie van 'n doeltreffende testament. (20)

5.4 Noem enige VYF voorvereistes van 'n doeltreffende testament. (5 × 2) (10)
[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou